

18 Februarie

Skrifgedeelte: Jeremia 11-12:6
Fokusgedeelte: Jeremia 11:1-5 en 18-23
Levitikus 26:1-12
Matteus 5:10-12

Salig is die wat vervolg word ter wille van die geregtigheid

Volgens die Woord van die Here konfronteer Jeremia die volk nadruklik met die verbond wat God met hul vaders gesluit het. Nie die seën nie, maar die vloek van die verbond sal op hulle rus. Van konfrontasie met die waarheid wat die mens se skuld openbaar, het die mens nog nooit gehou nie. Jeremia word oor die waarheid gehaat net soos Jesus deur die Fariseërs gehaat is. Deur Jeremia dood te maak wil hulle die waarheid stilmaak, net soos die Skrifgeleerdes en die Fariseërs Jesus wou doodmaak om die waarheid stil te maak. Belangrik is dat hulle sê: "Laat ons die boom met sy vrugte verwoes..." Jeremia het die vrugte van bekering, gehoorsaamheid en geloof geopenbaar, maar die verbondsbrekers het dit gehaat. Net soos Jesus se dood die waarheid nie kon stuit nie, net so min word die waarheid deur die dood van Jeremia gestuit. 'n Mens hoef nie bang te wees om oor die waarheid te praat nie. Vir Jeremia, en vir elkeen wat die waarheid ter wille van die Naam van die Here praat, is daar die ryk belofte van ewige saligheid. "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg.....om My ontwil" (Matt 5:10-12). Deur die vrugte van ware bekering, geloof en gehoorsaamheid in ons lewe sigbaar te maak, verkondig ons deur ons lewe dat ons die saligheid as ewige erfenis ontvang het.

Sing: Psalm 118:3

Ds DL de Beer (Emeritus)